27 Oktober **Skrifgedeelte: Eksodus 28, 29, 39:1-31**

Gewyde priesters vereer God ook met hulle klere

Die priesters se klere moes met groot keurigheid gemaak word. Dit is vervaardig van duur en kosbare materiaal waarin gouddraad en uiters skaars kleurstowwe ingeweef is. Rondom die some is goue granaatjies en klokkies aangebring wat voortdurend hul bewegings aangekondig het. Die hoëpriester moes edelstene op sy skouers en bors dra waarop die name van die stamme van Israel uitgegraveer is waardeur hy die volk voor God verteenwoordig het.
Op die versierings aan sy tulband is daar duidelik gegraveer dat hy aan God gewy is. Hierdie wyding het geskied deurdat talle offers vir die sonde van die priester aan God gebring is en hy deur die versoeningsbloed gereinig is. Die priesters moes hulle ook daagliks met die reinigingswater in die tempel was.
Die gelowiges word sedert die volmaakte offer van Christus skoon gewas in die bloed van die Lam. Elke gelowige word deur die Heilige Gees gesalf en aangestel om voltyds as priester in diens van die Heilige God te staan. Dit is ‘n groot verantwoordelikheid wat met waardigheid uitgevoer moet word. Ons kan dit gerus ook in ons kleredrag toon, veral in ons eredienste. ‘n Erediens is wel nie ‘n modeparade nie, maar ons behoort God tog as priesters te vereer met ons beste. Wanneer ons vir God aantrek en nie vir mense nie, word God daardeur verheerlik.
Sing: Skrifberyming 9:4,6 Ds HB Hattingh (Amanzimtoti)